MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

OKTOBER / OCTOBER 2015 NO. 10

ELEKTRISITEIT DIEFSTAL

Burgemeester Rdl LA Koloi

Die diefstal van elektrisiteit is een van die misdade wat besig is om die land se ekonomie lam te lê. Eskom en munisipaliteite loop deur onder hierdie misdaad en moet jaarliks miljoene bestee om dit hok te slaan. Ongelukkig spring //Khara Hais Munisipaliteit ook nie hierdie misdaad vry nie.

Die munisipaliteit koop krag by Eskom en versprei dit na meer as 20000 klante in die dorp en aanliggende landelike gebiede. Die Eskom rekening beloop gemiddeld R16 miljoen per maand en veral die wintermaande se rekeninge beloop meer as R20 miljoen per maand. Enige verliese wat die munisipaliteit dus lei as gevolg van diefstal, maak dit baie moeilik om sy verpligtinge teenoor Eskom na te kom.

Die maniere wat mense gebruik om elektrisiteit te steel is onwettige aansluitings en peutering aan of beskadiging van meters. In //Khara Hais is meeste huise egter reeds wettig aangesluit en is dit hoofsaaklik beskadiging van en peutering aan meters wat probeme gee. Die gevalle wat opgespoor word, wys dat die diefstal van krag in alle gemeenskappe voorkom.

Die munisipaliteit het ’n klein, goed opgeleide inspeksie afdeling, wat daagliks mense se aankope monitor en inspeksies gaan doen. Daar word elke maand ongeveer 10 gevalle van diefstal opgespoor. Onlangs is ’n meer intensiewe veldtog, met ongeveer 90 tydelike inspekteurs, geloods en is 22 gevalle opgespoor, met nog ’n hele paar uitstaande gevalle, waar mense nie tuis was nie, wat opgevolg sal word. Die Raad het ’n volledige prosedure goedgekeur oor hoe gelde van diefstal gevalle verhaal kan word en daar word maandeliks duisende Rande verhaal.

Hoewel //Khara Hais se elektrisiteit verliese nog binne die aanvaarde norme, soos gestel deur NERSA en die Ouditeur Generaal, is en aansienlike sukses teen diefstal behaal word, is elke diefstel een te veel en sal die munisipaliteit alles in sy vermoë doen om die gevalle op te spoor. Dit is egter belangrik dat elke betalende lid van die publiek ook moet help met die uitroei van die probleem. Diefstal van elektrisiteit is nie net diefstal van munisipale inkomste nie, dit is ook diefstal van elke ander betalende verbruiker, want die verliese word weer deur stygende tariewe verhaal. Die munisipaliteit doen dus ’n beroep op alle inwoners om op die uitkyk vir elektrisiteit diefstal te wees.

Die publiek kan help deur te kyk na moontlike beskadigde meters, meters waarvan die seëls gebreek is, of enige verdagte bedrading op ’n perseel. Hierdie inligting kan, anoniem indien so verkies word, aan die munisipaliteit by **054 3387154** gedurende werksure aangemeld word. Alle inligting sal streng vertroulik hanteer word.

VOORSPOED AAN ALLE MATRIKULANTE

Dit is weer die tyd van die jaar wanneer van matrikulante verwag word om rekenskap te gee. Onthou deeglike voorbereiding is ‘n voorvereiste vir sukses. Niks is onmoontlik vir die persoon wat kan, wat wil en wat uiteindelik iets doen nie. Dit is die leuse vir sukses.

Names die Raad en amptenare van Munisipaliteit //Khara Hais wens ons alle Matrikulante sterkte en voorspoed toe met hul eindeksamen.

PROGRAM VIR DIE LEES VAN METERS

SEPTEMBER / OKTOBER 2015 — OKTOBER / NOVEMBER 2015

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
23 SEPT	1, 2, 4, 18	06 OKT	31, 45, 12, 10	26 OKT	1, 2, 4, 18	04 NOV	80
25 SEPT	23, 5, 22, 25	07 OKT	80	27 OKT	23, 5, 22, 25	05 NOV	31, 45, 12, 30
28 SEPT	29, 20, 27, 35	08 OKT	43, 32, 33, 13	28 OKT	29, 20, 27, 35	06 NOV	43, 32, 33, 13
30 SEPT	37, 3, 36, 6	09 OKT	47, 16, 14, 39	29 OKT	37, 3, 36, 6	09 NOV	47, 16, 14, 39
01 OKT	38, 46, 42, 21	12 OKT	28, 19, 41, 15	30 OKT	38, 46, 42, 21	10 NOV	28, 19, 41, 15
02 OKT	44, 8, 24, 84	13 OKT	17, 40	02 NOV	44, 8, 24, 10	11 NOV	17, 40
05 OKT	9, 7, 11, 30	14 OKT	81, 82	03 NOV	9, 7, 11, 84	12 NOV	81, 82

'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om asb. hul persele toeganklik te hou vir meterlesers, bv. die vasmaak van honde.

VOORAFBETAAL ELEKTRISITEITSVERKOOPPUNTE

VERKOOPPUNTE	TELEFOONNOMMERS	TYE
William Single 110, Paballelo	073 844 0830	08:00 - 21:00
Village Shop	054 332 4383	07:30 - 21:00
Progress Cafè, Kosmosstraat	073 509 2862	08:00 - 21:00
Daniël Jansenstr 54, Morning Glory	084 645 9993	08:00 - 21:00
Rosedale Spar	054 339 0056	08:00 - 21:00
Babbelbekkies, Rosedale	074 587 4961	07:00 - 21:00
Gaziniastraat, Louisvaledorp	073 483 3466	07:00 - 22:00
Blaauw Kerkstraat 4, Louisvaleweg (Oliphant)	078 003 0314	07:30 - 21:00
Upington Convenience Centre	054 332 5444	**24 UUR**
Stap- In Vulstasie (W Engelbrecht)	083 502 0316	07:00 - 22:30
Spar Upington	054 331 2491	07:00 - 22:00

***Inligting van tye verskaf deur verkooppunte**

VOORAFBETAAL WATERVERKOOPPUNTE IN //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED

VERKOPERS	ADRES	TEL
Ruben Bosman	Hoopstraat 8, Lambrechtsdrift	079 957 5819 / 073 146 1262
Sandra Maasdorp	Loopstraat 4, Karos	083 319 6952
Nomsa Sokoyi	Jupiterstraat 35, Paballelo	073 265 9050
Emma van Eden	Swartkopweg 80, Leseding	073 019 1789 / 076 019 1789
Virginia Ratshefola	Mayabastraat 223, Paballelo	079 44 4426
Nicolaas Pieterse	Winkelstraat 22, Leerkranz	054 751 0092
Abraham Olyn	Bougainvillastraat 41, Louisvale	082 730 2334 / 074 612 1104
Ennie Malgas	Johnny Goeiemanstraat 35, Rosedale	082 427 5162 / 061 281 4206 / 076 719 4971

PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT - OKTOBER 2015

DATUM	WOONBUURT	PLEK
01 Oktober	Paballelo	Munisipale Kantore
02 Oktober	Progress / Extension	Gemeenskapsaal: Keimoesweg
05 Oktober	Louisvaleweg	Moses Links Gemeenskapsaal
06 Oktober	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
07 Oktober	Kalksloot/Louisvaledorp	Betaalkantoor: Me. M Blaauw
08 - 30 Okt	Dorp	Munisipale Hoofkantoor

NB: BRING ASSEBLIEF U ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!! SLEGS WEEKSDAE VANAF 07:30 TOT 15:30

NIE OP OPENBARE VAKANSIEDAE NIE.

Uitgereik deur die Kommunikasie Eenheid, Munisipaliteit //Khara Hais - Tel: 054 338 7000